# Les 8 CHRISTENE IS REG GEKOPPEL: GELOOF PAS IN DIE EVANGELIE, EN LIEFDE PAS IN DIE WET

## 1. Ons kan net op een manier in Christus wees: ingepas by die Woord

ŉ Ketel kan net op een manier by ŉ kragsentrale ingeskakel wees. Dit is met ŉ elektriese koord. So lank as wat ŉ ketel by ŉ koord ingeprop is, so lank bly die ketel ingeskakel by die kragsentrale. Dit is die hele doel van ŉ koord – om die ketel ingeskakel te hou by die kragsentrale.

Dit is presies dieselfde met die Woord van God. Kyk hoe stel die apostel Johannes dit:

*"[3] Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het. [4] Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie. [5] "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. [6] As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand. [7] As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry."* (Johannes 15)

Kyk na vers 7: hoe bly Christus in ons? As Sy woorde in ons bly! Dit help ons niks as ons net Sy woorde hoor en dit gaan by ons verby nie. Sy Woorde moet in ons bly. As sy Woorde in ons bly, dan bly Christus self, en Sy Vader ook, in ons.

Dis net soos met ŉ ketel! Die elektriese koord is nie sommer maar net vir die versiering of snaaksigheid nie. Die koord is die enigste wyse waarop die ketel ingeprop is by die kragsentrale. Die Woorde van God is die enigste wyse waarop God in ons bly, en ons in God.

## 2. Die regte kontakpunt op die regte draad: geloof en liefde reg gepas op die Wet en die Evangelie

As ons ŉ elektriese koord vat en onderstebo probeer indruk in ŉ ketel, wat gaan gebeur? Die koord sal nie ingaan in die ketel se konneksie nie. Jy kan maar druk en pas soos jy wil.

Die elektriese koord is so gemaak dat hy net op een manier binne-in die konneksie ingaan.

Hoekom?

**Want die regte drade moet op die regte kontakpunte pas!**

Kyk hoe beskryf Johannes die wyse waarop die Woorde van die Here reg in ons inpas:

*"[23] En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het. [24] Wie sy gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiéraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee."* (1 Joh.3)

Ons moet in Jesus Christus glo én ons moet mekaar liefhê volgens die Tien Gebooie.

Hierdie sin sê vir ons hoe alles reg pas!

- Geloof is die kontakpunt wat pas op Jesus Christus: die Evangelie.
- Liefde is die kontakpunt wat pas op die Tien Gebooie: die Wet.
- Net soos die bloudraad en die bruindraad net op een manier reg kan pas binne-in die ketel: regte kontakpunt op die regte draad!

Vers 24 wys ons weer dit is nie sommer maar vir die snaaksigheid nie: reg inpas gaan oor ons wat in Christus bly, en Hy in ons. Ons moet liefhê soos Sy gebooie ons sê om gehoorsaam te wees, en Hy gee ons die Heilige Gees en vergifnis deur die Evangelie.

## 3. Ons liefde vir God en ons naaste pas net op die Wet

Die elektriese koord is só gemaak dat die bloudraad net op een kontakpunt kan ingaan in die ketel in. So werk die Woord van God: Sy Wet kan net in ons ingaan, en ons liefde kan net op een manier uit ons uitvloei na God en ons naaste – as dit aan die Wet van die Here, die Tien Gebooie, gekoppel is.

### 3.1 Ons liefde vir God en ons naaste is Wetsgehoorsaamheid

Ons liefde vir God en ons naaste, en gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie, is presies dieselfde saak. Kyk hoe stel die apostel Johannes dit:

*"[2] Hiéraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou. [3] Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam."* (1 Joh. 5)

Wat leer vers 3 ons ? Is die liefde volgens die Bybel iets anders as onderhouding van die Here se Gebooie, of is dit dieselfde? Dit is die groot geheim. Ons dink baiekeer liefde is gevoelens of begeertes. Maar die liefde wat die Here van Sy kinders vra, is altyd om Sy Gebooie te onderhou!

Ons liefde, wetsgehoorsaamheid en wetsonderhouding is dieselfde saak.

Daarom noem die Bybel al die volgende dinge wat ons doen, wetsgehoorsaamheid:

- om jou lewe vir God te gee;
- om jou hart vir die Here te gee;
- om jou sondes te bely;
- om tot bekering te kom;
- om tot die Here te bid;
- om reg te lewe;
- om God te dien, te loof, te dank en te eer.

Al hierdie dinge wat ons doen, is liefde. Dit moet op die Wet van die Here pas. Ons moet dit volgens die Tien Gebooie doen. Die kontakpunt vir al hierdie sake is die Wet van die Here. As ons hierdie sake nie volgens die Wet van die Here doen nie – dan pas die kontakpunt nie reg nie.

In die vorige les het ons gesê liefde vir God is ŉ innerlike vreugde in en oor God, en ŉ algehele toewyding aan wat Hy ons beveel. Waar sê God vir ons wie Hy is en wat ons moet doen? Hy sê dit vir ons in die Tien gebooie.

Daarom pas ons liefde vir God en ons naaste op die Tien Gebooie.

**3.2 Liefde pas nie op die Evangelie nie**

Kan ons liefde wat ons vir God en ons naaste moet hê, op die Evangelie pas?

Kyk wat sê Paulus in Gal 3: 12*:*

*"By die wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad, want daar staan: "Hy wat doen wat die wet se sal daardeur lewe.""*

Hierdie vers leer ons mooi: by die Wet gaan dit nie oor wat jy glo nie. By die Wet gaan dit oor wat gedóén moet word. Dit wat ons moet doen, is die dade van liefde wat volgens die Wet van die Here gedoen moet word. Ons moet die Gebooie gehoorsaam.

Verbeel jou God sê vir iemand hy moenie steel nie en hy sê vir die Here: "Ja, Here, ek glo jou." Of as Hy sê jy moenie doodslaan, egbreuk pleeg of leuens vertel nie: "Ja, Here, ek glo jou." Dit is wat die Here vir ons leer: as Hy praat in die Wet, moet ons dóén wat Hy sê, ons moenie net sê ons glo Hy sê dit nie.

Daarom pas geloof glad nie op die Wet nie. Dit is die líéfde wat op die Wet pas. Daarom sê Paulus in Gal. 5:14:

*"Die hele wet word in die een gebod saamgevat vat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."*

Dit wat God vir ons sê om te doen – sê die Here vir ons in Sy Wet. Wie God is en wat Hy sê, leer ons deur die Wet. Daarom pas ons liefde vir God op die Wet, en nie op die Evangelie nie.

**4. Net geloof, sonder liefde, pas op die Evangelie**

Kom ons lees Galasiërs 2 saam!

*"[5] Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie. [16] En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie."*

Kry ons die Here se vergifnis:

- net deur Jesus Christus: die Evangelie?
- net deur die Wet?
- Of deur die Wet én die Evangelie?

Ons kry geen vryspraak deur die Wet te onderhou nie. Wetsonderhouding is liefde en ons noem dit: om jou lewe aan die Here te gee; om jou hart aan die Here te gee; om tot bekering te kom.

Wetsonderhouding, dit is liefde, pas nie op Jesus Christus: die Evangelie nie. Daarom sê Paulus ons word vergewe alléén deur geloof in Jesus Christus. 'Alleen' beteken sonder dat ons God liefhet!

**Nét geloof, sonder liefde – is die kontakpunt wat op die Evangelie pas. Net soos met 'n ketel, mag hierdie kontakpunte nie aan mekaar raak nie. Dis geloof sonder liefde!**

Liefde pas nie op wat Jesus vir ons doen nie – liefde pas op dit wat die Here vir ons sê wat ons moet doen volgens Sy Wette. Paulus sê dit ook in Romeine 3*:*

*"[23] Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, [22] maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo."*

Ons kan nie ons liefde vir God en ons naaste pas op Jesus Christus nie: nét geloof pas hierop. Want geloof is om die beloftes van God in die Evangelie te ken, en op die beloftes van God in die Evangelie te vertrou. Al hierdie beloftes maak Jesus vir ons waar. Daarom ken ons die beloftes en vertrou ons dat die beloftes vir ons waar is.

**5. Reg gepas – liefde wat vloei en stroom, en dienswerk wat gedoen word**

As ons die elektriese koord verkeerd probeer indruk in die ketel, gaan die ketel se element werk? Dit gaan nie werk nie.

As jy 'n houding het: "Dit maak nie saak hoe die elektriese koord in die ketel ingaan nie, solank hy maar net ingaan!" – sal dit maak dat die ketel se element begin werk omdat jy lus is om sommer maar die koord verkeerd in te druk?

As die ketel se koord verkeerdom ingaan – dan doen die ketel niks nie! Om in Christus te wees en te bly, moet Sy Woord reg in ons ingaan, of anders gaan dit glad nie binne-in ons in nie.

Kom ons kyk weer hoe werk godsdiens!

- Ons moet aan die Wet én die Evangelie gekoppel wees.
- Die Here het ons 'n hart met twee kontakpunte gegee: geloof en liefde.
- Ons moet reg gekoppel wees op die Wet en die Evangelie – anders werk die godsdiens glad nie.
- Ons geloof is gekoppel net aan die Evangelie – want God se liefde vir ons vloei nét deur ons geloof.
- Ons liefde is gekoppel net aan die Wet – want ons leer God se wil nét ken in die Wet.

Waar ons só gekoppel is, vloei God se liefde in ons in net deur die Evangelie, en deur ons geloof, wek God se liefde in ons harte 'n liefde vir Hom wat net na Hom toe kan terugstroom deur die Wet.

Hierdie invloei van God se liefde deur ons geloof, en uitstroom van ons liefde deur die Wet na Hom toe – maak dat ons talente dienswerk vir die Here begin doen. Paulus sê dit só*:*

*"6 In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan."*

**6. Verkeerd gepas – woorde omgedraai: geen liefde wat vloei of stroom nie, en geen dienswerk wat gedoen word nie**

'n Ketel werk glad nie as die koord verkeerdom ingaan nie – daarom word 'n koord só gemaak: hy kan net op één manier ingaan!

As ons die Woord van God verkeerdom draai – dan sal die woorde van God ook nie in ons harte ingaan nie.

Hier kan jy 'n groot ontdekking maak!

Baiekeer luister ŉ mens na predikante, onderwysers, godsdienstige ooms en tannies en vriende wat hoogs opgewerk is oor godsdiens – maar hulle woorde vind geen ingang in ons harte nie! Hulle praat, maar in ons harte gebeur niks!

Wat gaan hier aan? Hulle sal maak asof ons nie Christene is nie omdat hulle woorde nie in ons harte ingaan nie, maar dis glad nie só nie! Dis iets anders!

Kyk hoe lyk hierdie woorde wat hulle vir ons sê:

**A**
"Die Here het jou baie lief, jy kan ook ŉ kind van God word, God sal jou aanneem en jou sondes vergewe
**as**
**B**
jy jou sondes bely, jammer is oor jou sondes, beloof om nie weer sonde te doen nie, jou hart vir die Here gee, jou lewe vir die Here gee, jy tot bekering kom, jy beloof om die Here lief te hê

Wat is A? Is dit die Wet of die Evangelie? Dit is die Evangelie! Wat is B? Is dit glo of is dit liefde: wetsgehoorsaamheid? Dit is liefde: wetsgehoorsaamheid. Die Wet sê ons moet sonde los en jammer wees oor sonde. Die Wet vra dat ons God met ons hart en lewe sal liefhê!

Pas hierdie twee sake op mekaar: die Evangelie, en ons liefde vir God en ons naaste? Dit pas nie. Dit is ŉ verdraaiing van die Woord van God, nes ŉ elektriese koord wat omgedraai op die kontakpunte ingedruk word! Dit werk nie.

As jy na sulke woorde sit en luister, sal hulle nooit in jou hart ingaan nie. Dit is nie jý wat te dom is om te verstaan nie. Dit is nie jý wat te sondig is of te ongelowig is nie. Die predikant verdraai die Woord van God, en dan kan dit nie pas op die kontakpunte wat die Here vir jou in jou hart gegee het nie. Hy probeer die koord verkeerd in jou indruk en dit werk nie. Jy glo en het God lief, maar die Woord van God word verdraai!

Kyk hoe lyk hierdie volgende woorde wat baiekeer vir ons gesê word:

**A**
Jesus het vir ons sonde gely, Jesus het vir ons sonde gesterf, Jesus is vir ons sonde gekruisig
**Daarom moet jy nes Jesus**
**B**
Jou eie lewe opgee, jou eie wil opgee, jou eie wense prysgee en jou eie hart niks laat wees.

Kan hierdie woorde ooit in ŉ Christen se hart ingaan?

Wat is A? Dit is die Evangelie! Wat is B? Dit klink soos liefde, want dit gaan oor ons hart, ons lewe, ons wil! Waarop pas ons liefde vir God – pas dit op die Wet of die Evangelie? Dit pas op die Wet.

Hierdie mense probeer liefde op die Evangelie pas, en daarom kry hulle sulke snaakse soort goed wat ons moet doen wat klínk soos liefde, maar eintlik weet niemand hoe ŉ mens so iets kan doen nie.

As die kontakpunte omgedraai word, dan werk die liefde wat ons vir God en ons naaste het, glad nie. Dan kry jy sulke snaakse wette wat niemand verstaan nie en waar jou liefde nie uit jou hart uit na God toe kan gaan nie.

**7. <u>Die kuns om rég na God se Woord te luister</u>**

God se Woord leer ons Sy Woord kan net op een manier op ons harte pas en in ons harte ingaan: as ons die Evangelie net gló, sonder liefde – geloof; en wetsgehoorsaamheid - as ons liefde doen wat die Wet van God van ons vra. Hierdie koperkontakpunte mag nooit aan mekaar raak nie. Dis die een sonder die ander!

Alle ander woorde wat hierdie sake verkeerd probeer pas – is nie God se Woord nie. Dit is sommer net mense se woorde. Deur hierdie woorde sal geen liefde van God in ons invloei nie, en ook geen liefde uit ons harte na God toe terugstroom nie.

Hier is ŉ wenk: elke keer as jy te dom, te sondig, te ongelowig en te eenvoudig voel vir die woorde wat vir jou gepreek word, is dit mense wat God se Woord verkeerdom draai. Daarom gaan hierdie woorde nie in jou hart in nie.

**Die Woord van die Here gaan in Christene se harte in as dit pas soos God dit laat pas: ons moet net gló in die Evangelie, sonder dat ons God hoef lief te hê; en ons moet God se Wet gehoorsaam uit die liefde wat Sý liefde binne-in ons harte opwek**.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

____________________________________

Handtekening: ouer of voog